# menlo-insig

14/2024

9 Mei 2024


## LIEWE MENLO



Daar klingel sedert verlede week veertien nuwe ysterslotte aan die reling by die I-blok. Soos die telmerkies in statistiek verteenwoordig elkeen van hierdie slotte 'n graad 8-voogklas. Onder die naam van elke klas is daar 'n klomp gesiggies met harte vol hoop en drome. Skielik kyk 'n mens anders na die slotte en besef jy dat dit eintlik metafore vir toekomshoop is wat in Menlo-waardes geanker is.

'n Anker is onontbeerlik op Menlo-bodem, want die strewe na die hoogste gaan nie sonder opoffering gepaard nie. Toekomsdrome word soms deur die storms van die lewe bedreig en om die kruin van enige uitdaging te bereik, moet jy jou asem vir 'n rukkie kan ophou. Dit is dan wanneer die slot by die I-blok ons herinner dat ons toekoms in veilige hande opgesluit is. Wanneer teleurstelling oor ons pad kom, is die gedagte dat ons hier is om die beste weergawes van onsself te word die brandstof wat ons aan die gang hou. Yster slyp yster – al is dit ongemaklik. Dit is in tye van onsekerheid dat hierdie anker ons die moed gee om voort te beur en nuwe uitdagings aan te gryp. Dit is dan wanneer die refrein van die lied, Rise, in ons ore weerklink:

"For every valley, there's a mountain
For every answer, there's a new question
Is it worth all this?
I'm pushing myself to the edge
'Cause we're all looking for a reason
Find a shelter from the storm within
Just keep your eyes ahead
And dust yourself off again..."

Jou besluit om jou slot op Menlo-bodem te sluit, sluit jou by die Menlo-familie in. Dit ontsluit geleenthede en sluit die toekoms oop.

EXCELSA PETAMUS.
STREEF DIE HOOGSTE NA.

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.

**Teks: Efesiërs 6:10**
"Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag."

## DAGBOEK

**17/5** Hokkie: Waterkloof (tuis)
Dogtershokkie: o. 18A St Anne's – 20/5
Landloop: Asics Aflosbyeenkoms

**18/5** ATKV-Streeksfees
Hokkie, Netbal en Rugby: Waterkloof (tuis)
Landloop: AGN-liga (Laerskool Fleur)

**20/5** Seunshokkie: B-spanne (Montana, weg) en C-spanne (TVC, weg)

**22/5** Seunshokkie: B-spanne (CHC, weg) en C-spanne (Southdowns, tuis)

**11/7** Tres Scholarum
Volg die skakel vir meer inligting.

# Menlo-agts: Geanker in tradisie reik hulle na die toekoms

Sedert die graadagts die Menlo-bodem in Januarie vir die eerste keer betree het, was daar nooit enige twyfel nie: Hierdie groep gaan die tyd uitkoop en diep spore op Menlo-bodem trap. Skaars vyf maande later het die aggies dit onomwonde bewys dat hulle die naam van Menloparker met waardigheid dra, want daar is in die afgelope tyd met oorgawe deelgeneem, geredeneer, gesing en gespeel. Kortom, daar is telkens op die skool se wekroep gereageer – vir hulle was dit nie te veel gevra om die Menlo-atlete op 'n snikhete dag by interhoër te ondersteun óf om 'n hokkiebus om 03:30 na Nelspruit te haal nie. Hulle skroom nie om die akademiese uitdagings van die hoërskool met hart en siel aan te gryp nie en hulle deins nie vir uitdagings terug nie.

Die aggies is geweeg en so beïndruk was die matrieks met hierdie groep dat hulle met ope arms op Menlobodem verwelkom is. Die groep is verlede week onthef en elke klas het 'n slot as simbool van hulle verbintenis tot Menlo aan die heining by die I-blok vasgesluit. Die eerste hoofstuk in die aggies se Menlo-verhaal is nou afgesluit. Mag hulle elkeen onthou dat hulle vir altyd by Menlo se geskiedenis ingesluit is.

Die skool bedank graag die volgende persone vir die rol wat hulle tot dusver in die graadagts se Menlo-verhaal gespeel het:

Keira de Jager en Viljee Smit (Voorsitters: Graad 8-raad), Daniélle de Wet en Evert Greyling (Koördineerders: Graad 8-raad) en mnr. Hein Brits en me. Santa Maritz (Sameroepers: Matriekraad). Die moeite wat die leerders met die versiering van die ouditorium gedoen het, die heerlike koffie en beskuit waarmee die onderwysers bederf is en die spesiale boodskappe van die hoofseun en -dogter gaan nie ongesiens en ongehoord verby nie.

Die nostalgiese aand is met 'n heerlike piekniek, waar Graad 8N van me. Alicia Retief as Klas van die Jaar aangewys is, afgesluit. Menlo sien uit na die pad vorentoe. #menloviraltyd #myplekismenlo









# AKADEMIE

## Skerpsinnige en syferslim Parkies rek hul breine in Olimpiades





Die Olimpiese fakkel het sy tog na die Franse hoofstad aan die einde van April in Griekeland begin. Die fakkel het vandeesweek in Marseille aangekom en sal nou die pylvak na Parys aandurf. Die Insig is so 'n klein bietjie teleurgesteld dat die Parkies nie deel van daardie seremonie uitmaak nie, want hier op Menlo-bodem is talle fakkeldraers met Olimpiese ervaring.

Die tweede ronde van die Wiskundeolimpiade het verlede week vir 'n paar breinbrekers gesorg. Die Insig het die vraestel onder oë gehad, maar kon nie kop of stert uitmaak nie en het hernieude respek vir die Parkies wat hulle breine rondom sulke somme kan rek. Die doel van die tweede ronde is om die 100 voorste wiskundiges in die land te identifiseer en te oordeel aan die breinkrag van die Parkies is die waarskynlikheid goed dat 'n paar van daardie posisies aan Menlo sal behoort.

Parkies wat weet hoe om *op pad* te spel en die verskil tussen *op soek* en *opsoek, ver soek en versoek* en tussen *vir seker* en *verseker* ken, is ideale kandidate vir die Afrikaans Senior Olimpiade. As jy boonop weet wat toutologie en pleonasme is, sou jy waarskynlik vandeesweek jou staal in die Olimpiade gewys het. Anders as die Wiskundeolimpiade waar die syferstryd met grafiet aangepak is, is die taaltoffies onder die wakende oë van blikbreine ontrafel.

Die Hoërskool Menlopark het 'n uitstekende reputasie in Olimpiades. 2024 se uitslae sal nie teleurstel nie.

# KOOR

## Menlo-koorfees vir winterwarmte

Onopgesmuk. Gemoedelik. Verrassend mooi. Dit is hoe Menlo se koorfees wat Saterdagaand op eie bodem plaasgevind het, beskryf kan word.

Die eerste klanke het aan Menlo se Junior Koor behoort. Dié bestaan uit 35 Parkie-rose en wanneer die eerste note val, word hulle sang 'n rangskikking van fyn melodieë en opgeruimde harmonieë. Hierdie groep maak vanjaar behoorlik opgang en na hulle uitstekende vertolking van die lied, Joshua, het almal geweet waarom die Junior Koor vanjaar 'n A+ by die eisteddfod behaal het.

Menlo se Junior Koor is deur die groot groep van AHMP opgevolg wat op hulle beurt gewys het waarom hulle as een van die land se beste dogterskore gereken word.

Wat 'n voorreg was dit nie om na die Quava Vocal Group te luister nie! Die koor het van anderkant die Jukskei gereis om te wys waarom hulle al verskeie toekennings ingepalm het.

Die aand het egter aan die Menlo-koor behoort. Hierdie talentvolle Parkies het die saal vanuit die staanspoor met warmte en gravitas gevul sodat die gehoor eintlik vir 'n oomblik vergeet het dat hulle in 'n gewone skoolsaal op 'n koel wintersaand sit.

Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp en haar span vir die reëlings met die koorfees. Die Insig wens beide Menlo se kore sterkte met hulle optrede by die ATKV-Streekfees wat vandeesweek plaasvind, toe.





# MUSIEK

## Menlo-sangsensasie betower by nasionale eisteddfod



As jy jou oë toemaak en na Jeanne-Marie van Brummelen luister, weet jy dat dit net 'n kwessie van tyd is voor hierdie sensasionele sopraan die verhoë, nes Katherine Jenkins en Elaine Paige, aan die brand sing. Haar vertolking van Il Divo se Nella Fantasia het aan haar 'n plek in die eindronde van die nasionale eisteddfod besorg waar sy Menlo se naam hoog gehou het. Om ronde vir ronde aan die fel kritiek van beoordelaars uitgelewer te wees, verg nie net buitengewone talent nie, maar ook senuwees van staal; 'n toets wat Jeanne-Marie met onderskeiding geslaag het.

Hartlik geluk aan Jeanne-Marie met hierdie uitsonderlike prestasie. Die Insig is daarvan oortuig dat sy binnekort skouers met name soos Jenkins, Paige en die Bocelli-manne sal skuur. Ons hou haar vordering met belangstelling dop.

# SKAAK

## Geen oppervlakte te klein vir 'n Menlo-prestasie







Die oppervlakte van 'n rugbyveld is nagenoeg 9 000 m$^2$. Op 'n astro moet jy die opponente oor 'n afstand van 90 m troef om punte aan te teken en 'n netbalstryd word op 'n oppervlakte van 465 m$^2$ beslis. Skaak is egter 'n perd van 'n ander kleur waar 'n stryd tussen krygers op 'n mat met 64 blokkies, skaars groter as posseëls, beslis word. Ofskoon skaakspelers waarskynlik nie uitasem na 'n spel sal wees nie, kry hulle dit steeds reg om toeskouers met hulle strategiese skuiwe na hulle asems te laat snak.

Boonop word daar van spelers verwag om blitsvinnig van een stryd na 'n ander te skuif – Menlo was vandeesweek slaags teen Willowridge High School en Curro Academy en 'n paar Parkies het hulle staal by D4 se Tshwane-Suid Individuele Kampioenskap gewys. Met soveel wedstryde in 'n kwessie van 'n week heers daar geen twyfel by die Insig dat Menlo se skaakspelers absoluut wedstrydfiks is nie.

Baie geluk aan die afrigter, organiseerder, me. Anouk de Klerk, en spelers wat week na week uitstekend presteer. Hier volg die week se uitslae:

Liga teen Willowridge: o. 15 (wen ses uit ses) o. 17 (wen vyf uit ses) o. 19 (wen vyf uit ses)
Liga teen Curro Academy: o. 17 (wen 3.5 uit ses)
Tshwane-Suid Individuele Kampioenskap
Chay Karsten (o. 15) wen drie uit vyf en eindig in die vierde plek.
Mikayla Smit (o. 18) wen drie en 'n half uit vyf en eindig tweede.
Hanro Viljoen behaal 'n puik oorwinning.

# LANDLOOP

## Landlopers? Aikôna! Dis landblitse!

Die woord, *landloop*, laat 'n mens onwillekeurig aan gesinne wat oor naweke met hulle honde by Wolwespruit stap, dink. Dit kan ook deug as 'n beskrywing vir wandelroetes. Om in die Drakensberg te stap of die Otter te tem, is tog niks anders as landloop nie.

Doen 'n mens egter navorsing oor die sport, kom jy gou agter dat dit tyd is om die naam te heroorweeg. Die Wêreldlandloopkampioenskap het vroeër vanjaar in die Serwiese hoofstad, Belgrado, plaasgevind en die enigste loop wat by dié byeenkoms was, was die afsitter se geweerloop.

Daar is vanuit die staanspoor genael en die wenners het die afstand teen 'n gemiddelde spoed van bykans 20 km/uur afgelê. Wie kan dit landloop noem – dis dan net-net stadiger as die spoed waarteen Lando Norris die Grand Prix in Miami gewen het?!

Op Menlo-bodem is die sport se naam ewe onvanpas, want 'n Parkielandloper is vinniger as die laaste periode op 'n Vrydag en selfs vinniger as die tempo waarteen daar tydens 'n eksamen gedink word. Landloop? Aikôna!

Die Insig stel voor dat die sport voortaan op Menlo-bodem as landblits bekend moet staan en wens ons landblitse wat verlede week by Laerskool Fleur in aksie was, met uitstekende uitslae geluk. Mnr. JJ Smith en me. Lelanie van Wyk verdien 'n veer in die hoed vir die atlete se goeie prestasie. Hulle bene het gehou!





**Dogters**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| O. 14 | Leigh-Anne Meyer | 3de | Anneke Steynberg | 5de | Zanta Lourens | 6de |
| | Kara du Plessis | 14de | Leché vd Merwe | 19de | Inge van Biljon | 28ste |
| | Jenique le Roux | 31ste | | | | |
| O. 15 | Bianca Stoltz | 3de | Michaela Marx | 6de | Shani Blom | 7de |
| | Cara Schulz | 10de | Clarabelle Haasbroek | 13de | | |
| O. 16 | Rachel Schwulst | 1ste | Kaitlyn van Rooyen | 3de | | |
| O. 19 | Mart-Marie Jordaan | 4de | Jackie Coertze | 5de | | |

**Seuns**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| O. 15 | Erwee Blom | 10de | Tristan Visser | 25ste | Liam vd Merwe | 33ste |
| O. 16 | JM Maritz | 2de | Leon Stoltz | 3de | Luke Schwulst | 16de |
| O. 17 | Danté Raath | 3de | Ewan Lourens | 4de | Dian Koen | 11de |
| | Jesse Pretorius | 14de | Luan Koen | 21ste | | |

# SPOG

## Parkie op wipmat na Afrika-sukses

In die ganse Afrika is daar slegs vier jong mans wat beter met trampoliensport as ons eie Gideon Fourie vaar. Nuus uit Tunisië, waar die Afrika-kampioenskap onlangs plaasgevind het, het die Insig bereik en Menlo kan nie trotser op hierdie veerkragtige Parkie met sy vyfde plek wees nie.

Hartlik geluk!



# NETBAL

## Menlo-netbal mars voort

Die Paardekraal-monument was verlede naweek 'n stil getuie van Menlo se uitstekende vertoning teen Hoërskool Monument. Baie geluk met puik uitslae! Die Insig vermoed dat die Menlo-spanne deur hulle puik spel teen die Eldo-drake – waar Menlo nie 'n enkele wedstryd afgestaan het nie – aangevuur is . Me. Eleanor du Toit en haar span verdien 'n pluimpie hiervoor. Hartlik geluk, die Menlo-dogters is rotsvas!









### Menlo vs. Hoërskool Monument

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| O. 14 | A: 27-14 | B: 29-8 | C: 29-2 | D: 38-0 |
| O. 15 | A: 18-23 | B: 27-17 | C: 19-7 | |
| O. 16 | A: 16-22 | B: 30-12 | | |
| O. 17 | A: 19-25 | B: 19-9 | | |
| O. 18 | B: 21-14 | | | |

### Menlo teen Hoërskool Silverton

| | |
|---|---|
| O. 14 | Menlo E vs. Silverton A: 17-11 |
| O. 15 | Menlo D vs. Silverton o. 16A: 16-7 |
| | Menlo E vs. Silverton o. 15A: 15-6 |
| O. 16 | Menlo D vs. Silverton o. 17A: 30-5 |
| O. 19 | Menlo D vs. Voortrekkerhoogte o. 17A: 8-17 |

### Menlo vs. Hoërskool Eldoraigne

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| O. 14A: | 23-10 | B: 40-6 | C: 24-3 | D: 47-4 |
| O. 15A: | 29-18 | B: 36-12 | C: 25-4 | D: 29-3 |
| O. 16A: | 21-18 | B: 40-2 | C: 44-1 | D: 50-0 |
| O. 17A: | 30-20 | B: 39-7 | | |
| O. 19A: | 41-25 | B: 25-19 | C: 23-15 | D: 27-4 |

# SPORT

## Tussen my en jou, is daar 'n kloof...

... maar moenie bekommer nie. Menlo het die S-P-A-N met die G-E-E-S en ons is absolut gereed om die Klofies se lewe vuurwarm te maak op Menlo se eie sportpark. Die Insig wens die spanne sterkte toe en sien daarna uit om volgende week oor die uitslae te berig. Ondersteuners uit alle oorde – oumas, oupas en oud-Menloparkers – is welkom om hulle by Menlo se blou ondersteunersgolf aan te sluit waar ons sal poog om die Klofies druipstert terug te stuur huis toe. Volg gerus die **skakel** vir die program.














# GRAAD 12




Graad 12, verbeter jou prestasie met Leer en Presteer se unieke, eksterne hersieningsvraestelle met memorandums van 20 Mei wat by Beeld in Onderwys se aanlyn winkel www.duxedmedia.co.za beskikbaar is.

Die koste is R120 vir al vier vakke:
Afrikaans Huistaal, English First Additional Language, Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.

*Daar is vraestelle vir alle grade.*

e-Beeldskool

*Graad 8–10, registreer nou vir Wiskunde en Graad 11–12 vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe aanlyn klasse*

Besoek www.ebeeldskool.co.za vir kostes en info van aanlyn klasse

Navrae:
SMS 083 380 1800
e-pos: skool@ebeeldskool.co.za
elizeng@mweb.co.za

Beeld IN ONDERWYS













Volg gerus die skakel na TAU.